# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 19

Vraag 50: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God?

Antwoord: Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk kan betoon, deur wie die Vader alles regeer.

Vraag 51: Watter nut b erdie heerlikheid van ons Hoof Christus vir o

Antwoord: Ten eerste y deur sy Heilige Gees die hemelse gawes i sy lede, uitstort. Ten tweede dat Hy ons me ag teen alle vyande beskerm en bewaar.




Vraag 52: Hoe gy getroos deur die wederkoms van Christus ie lewendes en oordeel?

Antwoord: Dat ek in alle droe n vervolging on met gespan wagting as tevore in l en alle er: dat menis sal werp, maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid saamneem.

Vraag 50: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God?

Antwoord: Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk




Efesiërs 1:20-23: wat Hy uitgeoefen het in Christus, toe Hy Hom uit die dood opgewek het, en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo elke owerheid en gesag en mag en heerser, ja, bo enige naam wat genoem kan word, nie alleen in hierdie bedeling nie, maar ook in die toekomstige. Hy het alles onder sy voete gestel, en Hom aan die kerk gegee, as Hoof oor alles, die kerk wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vul.

Kolossense 1:18: Hy is die Hoof van die liggaam, die kerk. Hy is die oorsprong, die Eersgeborene uit die dood, sodat Hy in alles die eerste plek kon inneem;

Vraag 50: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God?

Antwoord: Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk kan betoon, deur wie die Vader alles regeer.




Matteus 28:18: Jesus het nader gekom en vir hulle gesê: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde

Johannes 5:22: Die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die volle oordeel aan die Seun oorgegee,

Vraag 51: Watter nut bring hierdie heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort.




Handelinge 2:33: Nadat Hy tot aan die regterhand van God verhoog is en die belofte van die Heilige Gees van die Vader ontvang het, het Hy die Gees uitgestort, en dit is wat julle sien en hoor.

Efesiërs 4:8: Daarom staan daar: "Toe Hy opgevaar het na bo, het Hy krygsgevangenes weggevoer; Hy het gawes aan die mense gegee."

Vraag 51: Watter nut bring hierdie heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort. Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar.




Psalm 2:9: Jy sal hulle verpletter met 'n ystersepter, soos erdewerk sal Jy hulle stukkend slaan."

Psalm 110:1-2: Dit is die uitspraak van die HERE vir my Heer: "Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande 'n voetbank vir jou voete maak." Uit Sion stuur die HERE jou magtige septer: "Heers te midde van jou vyande!

Johannes 10:28: Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal tot in ewigheid nooit verlore gaan nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.

Efesiërs 4:8: Daarom staan daar: "Toe Hy opgevaar het na bo, het Hy krygsgevangenes weggevoer; Hy het gawes aan die mense gegee."

Vraag 52: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?



Antwoord: Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag

Lukas 21:28: Wanneer hierdie dinge begin gebeur, staan dan op en lig julle koppe, want julle bevryding is naby.


Romeine 8:23: En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees as God se eerste gawe ontvang het, sug innerlik, terwyl ons uitsien na ons aanneming tot kinders, die bevryding van ons liggame.

Filippense 3:20: Ons burgerskap is egter in die hemel, vanwaar ons as Verlosser die Here Jesus Christus verwag.

1 Tessalonisense 4:16: Want die Here self sal met 'n luide bevel, met die stem van 'n aartsengel, en met 'n trompetgeskal van God, uit die hemel afkom, en diegene wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

Titus 2:13: terwyl ons uitsien na die salige hoop en glansryke verskyning van ons groot God en Verlosser, Jesus Christus –

Vraag 52: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?



Antwoord: Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp,.


Matteus 25:41: “Dan sal Hy vir dié aan sy linkerhand sê, ‘Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur, wat gereedgemaak is vir die Duiwel en sy engele.

---

2 Tessalonisense 1:6: Dit is inderdaad vir God reg om diegene wat julle verdruk, met verdrukking te vergeld,

2 Tessalonisense 1:8, 9:  in 'n vuurvlam, terwyl Hy wraak uitoefen op hulle wat God nie erken, en die evangelie van ons Here Jesus nie gehoorsaam nie. Hulle sal gestraf word met ewige vernietiging, weg van die aangesig van die Here en sy magtige heerlikheid.

Vraag 52: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?



Antwoord: Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid saamneem.

Matteus 25:34: Dan sal die Koning vir dié aan sy regterhand sê, 'Julle, geseëndes van my Vader, kom beërf die koninkryk, wat vir julle gereedgemaak is van die grondlegging van die wêreld af.

2 Tessalonisense 1:7: en verligting te gee aan julle wat saam met ons verdruk word. Hy sal dit doen deur die openbaring van die Here Jesus uit die hemel saam met sy magtige engele,

2 Tessalonisense 1:10: Dit sal gebeur op daardie dag wanneer Hy kom om deur sy heiliges verheerlik te word – ja, om deur alle gelowiges bewonder te word – omdat ons getuienis teenoor julle geglo is.

Vraag 50: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God?

Antwoord: Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk kan betoon, deur wie die Vader alles regeer.

Vraag 51: Watter nut bring hierdie heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort. Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar.

Vraag 52: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?

Antwoord: Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid saamneem.

## SONDAG: 19 - VRAAG EN ANTWOORD: 50

Vraag: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God?

Antwoord: Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk[1] kan betoon, deur wie die Vader alles regeer[2]

1 Efesiërs 1:20-23; Kolossense 1:18
2 Matteus 28:18; Johannes 5:22

## SONDAG: 19 - VRAAG EN ANTWOORD: 51

Vraag: Watter nut bring hierdie heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort[1]. Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar[2].

1 Handelinge 2:33; Efesiërs 4:8
2 Psalm 2:9; Psalm 110:1-2; Johannes 10:28; Efesiërs 4:8

## SONDAG: 19 - VRAAG EN ANTWOORD: 52

52 Vraag: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?

Antwoord: Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag[1] wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp[2], maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid saamneem[3].

1 Lukas 21:28; Romeine 8:23; Filippense 3:20; 1 Tessalonisense 4:16; Titus 2:13
2 Matteus 25:41; 2 Tessalonisense 1:6; 2 Tessalonisense 1:8, 9
3 Matteus 25:34; 2 Tessalonisense 1:7; 2 Tessalonisense 1:10